

# *WAT IS KERK OF GEMEENTE?*

ARNO & MARIANNE CLAASSEN

'N VARS NUWE DENKE OOR  
GEMEENTEWEEES! (DEEL 8)

**ARNO & MARIANNE CLAASSEN  
LIFEWISE CONSULTANTS**

UITGEGEE DEUR:

**LIFEWISE UITGEWERS**

ABSA, Takkode – 334 645  
Rekening nommer: 9211 621 868

POSBUS 31288  
WONDERBOOMPOORT, 0033

(012) 335 7571  
Arno Claassen- 082 460 3024  
Marianne Claassen - 082 412 7000

**arno@lifewise.co.za**

**www.lifewise.co.za**

DIE REGTE VAN DIE GESKRIF SOOS HY IS, IS IN DIE  
HANDE VAN DIE SKRYWER. ENIGE LESER WORD  
AANGEMOEDIG OM DIT VIR SOVEEL MENSE AS  
MOONTLIK AAN TE STUUR SONDER OM DIE INHOUD  
DAARVAN TE VERANDER. DIE INHOUD KAN VRYLIK  
VERWERK WORD IN JOU EIE WOORDE EN WEER  
GEBRUIK WORD ONDER JOU EIE NAAM!

## VOORWOORD

Wel, ons vorder darem so stukkies vir stukkies! Ons het nou gesien wat die omvang van die groot opdrag is en hoe ons alle gemeentewees moet bedink vanuit hierdie een en enigste opdrag om nasies te dissipel. Om hierdie studiestukke te skryf, is net so konfrontierend vir my as vir enigeen van julle. Nadat ek die vorige hoofstuk geskryf het, het ek teruggesit in my stoel en vir myself gesê: "Jy glo verseker dat hierdie groot opdrag in die Woord staan, maar jy glo verseker nie regtig wat daar staan nie." Ek het so gewoon geraak aan die Skrif en die inhoud daarvan, dat ek nie eers meer aan die volle implikasies daarvan dink nie. My kerklike lewe het my so besig gemaak dat ek immuun begin word het daarteen. Ek is mos baie besig met die dinge van die Here! God sal mos verstaan, want Hy sien mos hoe baie ek opoffer vir Sy koninkryk. Dit bly egter 'n feit dat as my gemeentewees nie besig is met die groot opdrag nie, dit nie punte tel in die Here se koninkryk nie!

In hierdie hoofstuk kom ons by die hart van die saak! Wat is gemeente? Deur al my jare in die bediening verstom dit my steeds hoe gemeentelid jare lank iets doen en nie eers die basiese definisie daarvan ken nie. Daar is 'n Babelse verwarring in die Evangeliese, Protestantse kerke oor eenvoudige dinge soos: wat is kerk, wie is God, wanneer is ons vegewe, wat is wedergeboorte, en selfs hoe word jy gered? Is kerkwees so ingewikkeld dat ons dit almal saam beoefen, maar geen eenstemmige, basiese definisie daarvoor kan kry nie? Het die Vader dinge so ingewikkeld gemaak? Is hierdie dinge dan nie ook vir die eenvoudige en ongeletterde mense nie? Inderdaad is dit so eenvoudig dat enige persoon dit kan verstaan!

## WAT IS KERK?

### 8.1) TWEE GROEPE:

Ter inleiding tot die saak kyk ons net na 'n paar opmerkings wat ons dalk kan help in die proses. Dwarsdeur die Bybel was daar twee groepe mense. In die Ou Testament was daar die Jode en die heidene. Die Jode was gekies om die heerlikheid van die Here na die heidene te neem, wat nie gebeur het nie. In die Nuwe Testament is die groep van die heidene opgehef, want verlossing is vir almal gekoop en almal is op gelyke vlak voor die Vader gebring. Na die opstanding is daar nou net gelowiges en ongelowiges. Aan die een kant is daar diegene wat in Jesus glo en aan die ander kant is daar die res wat nie in Hom glo nie.

### 8.2) TWEE VEREISTES OP ONS LEWENS:

Daar is twee sake of appèlle wat sterk uitkom in die Nuwe Testament op ons lewens. Eerstens het ons almal 'n ROEPING volgens I Kor.1:9 om te *fellowship met Jesus Christus*. Daar is 'n algemene roeping op alle mense en dit is om in 'n verhouding met Jesus te staan. Hierdie roeping van God op ons lewens is baie sterk en vorm die grondslag en fondament van alles in ons geestelike lewe. Daar is iets soos 'n spesifieke roeping ook, maar dit dui op die spesifieke gawe en veld waarin jy funksioneer. Indien jy nie jou spesifieke roeping verstaan nie, is dit gewoonlik omdat jy eerstens nie genoeg gevestig is in jou algemene roeping nie! Die belangrike bly egter: almal het 'n roeping en nie net sekere mense nie!

Soos ons reeds gesien het, is daar in Matt. 28:18-20 'n baie duidelike OPDRAG vir alle gelowiges. Die opdrag is om

alle nasies te dissipel tot gehoorsaamheid aan die Vader. Die boodskap is weereens baie duidelik, naamlik dat alle gelowiges 'n opdrag het om te dissipel. Dit is nie 'n taak wat selektief gereserveer is vir die voltydse vyfvoudige span nie! Laat ons hierdie begrippe vir onself deeglik vasmaak, want ons gaan dit baie nodig kry wanneer ons na die definisie van gemeente gaan kyk.

### **8.3) TWEE MISSIES IN DIE TRADISIONELE GEMEENTE**

My ervaring in die kerklike wêreld het my geleer dat die gemiddelde gemeente verskeurdheid beleef tussen twee missies wat 'n ewe sterk appèl maak op die mense. Aan die een kant moet die gelowiges uitgaan, siele gaan wen en inbring in die gemeente. Sodra die nuwe gelowiges in die gemeente is, moet hulle grootgemaak word sodat hulle weer kan uitgaan. Statistieke toon egter dat as 'n gelowige 2 jaar in 'n gemeente gesit het, hy nie weer sal teruggaan na die wêreld waar hy vandaan kom of selfs uitgaan om enige ander mense vir die Here te bereik nie! Hulle is te veel "gekerk" en dit is veels te ongemaklik om na die ongelowiges te gaan. Die gemiddelde kerklike lewe maak dinge vir jou baie gemaklik, veral as daar boonop auditoriums is met opgestopte stoele!

Deur die jare het ek ervaar dat die gemiddelde gemeente nie daarin slaag om altwee opdragte gelyktydig uit te voer nie. Die een ly altyd onder die ander een. Die gemaklikste bly maar altyd om met die reeds bestaande gelowiges te werk en ons vergeet gerieflikheidshalwe in ons besige herderlike programme van die ongelowiges. Die enigste gemeentes waar daar 'n konstante vloei van bekeerlinge is, is waar die leier self 'n vyfvoudige, evangelistiese gawe het. Die gawe van die leier bring mee dat die mense tot

bekering kom en dit is nie soseer die gelowiges wat die mense tot bekering lei nie. Dit is die herders wat skape kry en nie soseer die skape self nie. Die gemeente van die Here is huidiglik 'n beweging van voltydse, vyfvoudige leiers wat leiding gee en ondersteun word deur gelowiges, terwyl dit 'n *beweging van gelowiges* moet wees wat leiding gee en gefasiliteer word deur voltydse leiers!

Die gemeente kan nie op twee dinge gelyktydig fokus nie. Die gemeente kan net een fokus hê. Dit beteken jy moet of een van die bestaande missies wagvat, of jy moet hulle op 'n manier kombineer. Om een slegs voor die ander te stel bring kompetisie en die gemaklikste een gaan altyd wen! Die Bybelse oplossing in die lig van die groot opdrag is om alles te kanselleer wat die gelowiges so besig hou dat hulle nie by die ongelowiges uitkom nie, en dan die hele gemeenteprogram oor te bou met die dissipelskap van die ongelowiges as die enigste fokus. Al die ander dinge het net plek terwyl ons besig is om ons een gemeentevisie uit te voer. Dit mag vir ons baie radikaal klink, maar daar is geen ander werkbare oplossing nie.

Die hele manier hoe ons die gemeente gebou het, het die een enkele sending van die Vader ondermyn en ons so besig gemaak dat ons nie meer by die oorspronklike opdrag uitkom nie. Ons verskoon onself maklik, want sien, almal sukkel daarmee en min mense kry dit regtig reg! Dit is tyd om weer die Woord te lees en vanuit die Woord te werk as ons enigste maatstaf. As ons almal verkeerd is, moet ons maar almal verander en kom by dit waarvoor ons bestem is. Al ons statistieke dui daarop dat daar groot fout is in die gemiddelde gemeentelewe. Kom ons wees dus eerlik en verander wat nodig is. Die ergste is dat as jy iets gebruik vir 'n doel waarvoor dit nie bestem is nie, dit jou in elk geval sal doodmaak. Mense, daar is geen uitkoms of omdraai vir ons nie. Ons sal net eenvoudig die Vader om

genade moet smeek om ons te help om hierdie bus om te draai. Ons kan net eenvoudig nie eendag voor Hom gaan staan in die toestand wat ons nou is nie!

## **8.4) DAAR IS NET EEN SENDING!**

Om die definisie van gemeente reg te verstaan, is dit nodig om die sending (mission) van die Vader in Sy Seun na hierdie aarde reg te verstaan. Dit is van kardinale belang om te beseft dat daar net een, reeds bestaande sending is waarvan alle gelowiges deel moet word. God die Vader is die oorsprong van die sending, want dit het in Sy hart ontstaan. Die inhoud van Sy sending is om die ongelowiges Sy hart van liefde te toon, sodat hulle almal kan huis toe kom. Om die sending te volvoer, het Hy sy enigste Seun gestuur. Jesus het gekom om die wêreld te verlos en die liefde van die Vader aan ons te verkondig. Jesus het nie net die sending kom uitvoer nie, Sy hele lewe en bestaan het die sending geword. Die sending was nie 'n afdeling van sy lewe nie, maar Sy hele lewe!

Die sending van Jesus was om te betaal vir die ongelowige wêreld en die heerlijkheid van die Vader aan hulle ten toon te stel. Wanneer ons tot bekering kom en terugkeer na die Vader, sluit ons aan by die sending van Sy Seun. Ons betaal nie vir die wêreld nie, maar ons betaal om die evangelie by hulle uit te kry en deur ons lewens vir hulle die heerlijkheid en liefde van die Vader te wys! Wanneer ongelowiges tot bekering kom, word hulle deel van 'n sending en nie deel van 'n gemeente in die eerste plek nie. Die sending was voor die gemeente daar en die sending konstitueer die gemeente. Die sending bepaal die reg wat die gemeente het tot bestaan, omdat die sending die enigste reg tot bestaan is. As die sending verlore raak, verloor die gemeente sy bestaansreg, koers en essensie.

As jy die sending wegvat, verloor die gemeente al sy motivering en doel tot bestaan. Dit is hoekom gelowiges wat nie by die sending betrokke is nie, passief word en motivering tot ware gemeentewees verloor! Dit is nie openbaring wat die liefde van God in ons harte aan die brand hou nie, maar die sending. Liefde bly net vars wanneer dit uitgegee word en nie opgegaan word nie! Die hart van die sending is juis om van harte God en ons medemens lief te hê! Die enigste manier hoe jy liefde in jou hart kry, is deur die inwoning van die Heilige Gees met bekering – Rom.5:5. Die enigste manier om liefde te behou en te laat groei, is om dit uit te gee vir ander.

Daar is nêrens enige uitnodiging in die Woord tot lidmaatskap of “om te kom en by die gelowiges aan te sluit nie”, en nog minder om enige dienste by te woon! As jy Jesus aangeneem het, is jy outomaties deel van die liggaam van Christus. Al wat jy moet doen, is om die plaaslike gelowiges of gemeente te vind wat alreeds aan die “gaan” is en saam met hulle of selfs op jou eie te gaan as jy niemand vind wat aan die beweeg is nie. Daar is geen “kom hiernatoe en kom sit en luister” nie. Die plaaslike gemeente het nie ‘n missie ontvang of het ‘n departement wat op ‘n sending is nie, want die gemeente is die sending! Almal moet inbeweeg in die sfeer van ‘n volgende ongelowige se lewe om die liefde van Jesus met hulle te deel. Elke gelowige wat die “gaan dan heen” verloor het in sy lewe, het die essensie van ware gemeentelewe verloor en die reg tot bestaan as gelowige in ‘n gemeente opgehef.

Die vraag is dus nie watter gemeente om by aan te sluit nie, maar watter missie of sending om uit te leef! Die motivering en lewe van die gelowige lê in die sending waarop hy is en nie in die openbaring wat hy elke Sondag ontvang nie! Die ongelowige het dissipelskap nodig, maar



die gelowige het 'n sending nodig! Sonder 'n sending sal hy passief word en geestelik sterf. Ware groei in elke gelowige se lewe begin eers wanneer hy sy sending in sy hart opneem en heengaan om dit uit te voer! Groei vind eers plaas wanneer gelowiges hulle verantwoordelikheid teenoor die sending op hulle lewens opneem en uitvoer. Moet niks vir enige gelowige aanbied voordat hy nie sy sending opgeneem het en dit aktief uitvoer nie. Herder pasbekeerdes terug na hulle Vader totdat hulle duidelik die sending in die hart van die Vader gehoor het en dit opneem.

## **8.5) KERK TEENoor GEMEENTE!**

Die woord 'kerk' en die woord 'gemeente' word in die spreektaal gebruik asof dit wisselwoorde vir dieselfde saak is. In die oorspronklike Grieks is dit twee definitiewe, verskillende woorde met twee definitiewe, verskillende betekenisse. Die Griekse woord vir 'kerk' is 'kyriakon' en beteken 'die Here s'n of wat aan die Here behoort'. Die woord 'gemeente' in Grieks is 'ekklisia' en beteken "n vergadering of gemeente van vry mense wat uitgeroep is deur 'n herald in verband met die hantering van publieke sake'. Die gemeente is die uitgeroepenes om Christus se getuie in die wêreld te wees - I Pet.2:9.

Die Griekse woord vir 'kerk' het in Jesus se tyd bestaan, maar is nooit deur Hom gebruik nie. Ek dink ook nie dat dit toevallig was of omdat Hy nie van die woord geweet het nie. Die woord 'kerk' was deur die ongelowiges gebruik om die gelowiges te omskryf net soos die woord 'Christen' ook sy oorsprong in die mond van die ongelowiges gehad het - Hand.11:26. Wanneer mense in die hedendaagse taal die woord 'kerk' gebruik, verwys dit hoofsaaklik na uiterlike dinge soos geboue, byeenkomste en allerhande

infrastruktuur wat gebruik word om gemeente mee te probeer bedryf. Die Griekse woord vir 'gemeente' was ook nooit gebruik, binne en buite die Bybelse konteks, om te verwys na 'n gebou waar publieke aanbidding plaasgevind het nie. Die woord 'gemeente' verwys uitsluitlik na mense! Mense was ook nooit gevra 'om na 'n gemeente toe te kom nie'. Die gemeente was orals te vinde want hulle het orals gegaan. Die gemeente was die liggaam van Christus, Sy volheid wat alles in almal vervul het - Ef.1:23. Hulle was oral en het alles geïnfiltreer!

Om die gemeente te lokaliseer tot 'n lokale gebou is die effektiefste manier om die gemeente haar sending en skeppingsdoel te laat afsterwe! Die manier hoe ons die lokale gemeentegedoue gebruik, is verantwoordelik vir die statistieke wat sê dat daar 600 gemeentes oftewel 60 000 gelowiges tot ons beskikking is om elke onbereikte groep op aarde te bereik, maar dit eenvoudig nie gebeur nie! Gelowiges glo dit is net die taak van sekeres om te gaan. Dit sal onveranderd bly totdat die leier die pas aangee, begin gaan en ophou almal dissipel wat 'ingekom' het. Die mense glo ook dit is net die leiers se taak om te gaan, maar as hulle gaan moet daar ander leiers oorbly om hulle op te pas en besig te hou! Ons sal uit hierdie sieklike denke moet uitbreek voordat die sending ernstig opgeneem sal word!

Dit is nie in my hart om 'n dispuut te veroorsaak aangaande die twee woorde 'kerk of gemeente' nie. Grammatikale herdefiniërings op hulle eie gaan nie die probleem oplos nie. Ons moet weer die hart ontdek agter die Vader se plan van gemeenteweese! Om hierdie hart te vind is dit belangrik om die Woord weer te lees en die res uit te gooi. Daar is 'n skrif in I Kor.4:6 wat sê: "Hierdie dinge, broeders, het ek op myself en Apollos toegepas om julle ontwil, dat julle aan ons *kan leer om nie te dink bo wat geskrywe is*

*nie*, sodat julle nie die een ter wille van die ander opgeblase sou wees teen ‘n derde nie.” Ons moenie dink of redeneer bo dit wat geskrywe is nie, want dit gaan ons opgeblase teenoor mekaar maak. Ek vind niks in die kerklike wêreld waaroor mense meer opgeblase, trots of hoogmoedig is as juis die hoeveelheid mense wat hulle bymekaar gemaak het en die grootte van hulle geboue nie. Dat daar dienste of byeenkomste kan wees en selfs geboue, is nie in beginsel verkeerd of die probleem nie, maar as dit die basis van alles is, bou ons kerk en nie gemeente nie. Die probleem lê nie in mense, dienste en geboue nie, maar in leiers se harte oor hoe hulle gemeente sien en definieer.

Dit is leiers wat verkeerde definisies en waardes geskep het, nie die gelowiges nie. As ons nie by die regte definisie van gemeentewees kan uitkom nie, twyfel ek of ons die harte van veral leiers weer gesuiwer gaan kry van hoogmoed en oorheersing op grond van getalle. Ons bou verkeerd, want ons dink verkeerd en lees die Woord verkeerd. Dit alles lei tot hoogmoed in die hart van een leier teenoor ‘n ander leier! Ons moet verstaan dat elke teoloog glo dat sy saak in die Woord is. Eers definieer ons die saak in ons eie woorde en dan soek ons ‘n teks om dit aan op te hang. Ons moet uit die Woord dink en ophou onnodige terme skep en gebruik wat nêrens in die Woord te vinde is nie. Ontwikkel ‘n Bybelse taalgebruik wat dinge baie eenvoudig hou.

## **8.6) DIE BABILONIËRS TEENoor DIE ROMEINE**

Daar was twee maniere in die Bybelse tye om jou heerskappy uit te brei. Die Babiloniërs het byvoorbeeld gegaan, die naburige nasie verslaan en hulle met hulle

besittings *teruggebring na* Babilonië sodat hulle as slawe vir hulle kon werk. Hulle het dus die verslane volk goeie Babiloniërs gemaak deur hulle onder hulle in te bring en oor hulle te heers. Die Romeine het iets heel anders gedoen! Hulle het uitgegaan, die volk in sy eie land verslaan en dan hulle eie leiers in die land geplaas sodat dit 'n nuwe kolonie van Rome geword het. Hulle het gegaan en die nuwe wêreld geproklameer deur hulle leiers in te stuur en die hele land en mense soos hulle te maak.

Die opdrag aan die gelowiges is om te gaan en die wêreld wat ongekersten is te oorwin en proklameer vir die koninkryk. Ons was nooit geroep om alles en almal bymekaar te maak en te versamel nie. Die sukses van die besigheidsman lê nie in hoeveel voorraad hy in sy store het nie, maar hoeveel voorraad deur sy store beweeg. Die stoor is nie die eindpunt of die versamelpunt nie! Die gemeente is nie die eindpunt of stoorplek van gelowiges nie. Waarom doen ons dit dan en is ons so noukeurig oor hoeveel ons versamel het? Ons sending lê daarin om te gaan en elke plekkie en mens te infiltrer met liefde en die heerskappy van die koninkryk. Ons sal dit nie bereik deur weekliks te sit en strategie te bespreek nie, maar slegs wanneer elke gelowige gaan!

## **8.7) WAT IS GEMEENTE?**

Die tradisionele definisie van gemeente is 'n groep gelowiges wat gereeld vergader in 'n gebou saam met gekwalifiseerde ouderlinge vir die beoefening van sakramente, Woord bediening en die regte teologie of belydenis. Die probleem met die definisie is egter dat Jesus heeltemal uitgelaat en vergeet is! Gemeente gaan in wese oor om soos Jesus te lewe en daardie lewe voort te

plant! Jesus is die middelpunt en sleutel tot gemeenteweës. As jy gemeenteweës probeer definieer sonder Jesus, gaan jy dit probeer lewe sonder Jesus, en dit is onmoontlik. Gemeentelewe gaan oor 'n innerlike lewe wat uiterlik manifesteer en dit is die rede hoekom ons dit so moeilik vind om gemeentelewe te definieer. Ons bly verval in allerhande definisies van uiterlike dinge wat nodig is langs die pad, maar nie die essensie van die saak is nie.

Neil Cole, wat baie skryf oor 'organic church' en 'simple church', definieer gemeenteweës as volg: Gemeente is die *teenwoordigheid van Jesus* onder Sy mense wat 'n *geestelike familie* genoem word en Sy *sending* op aarde najaag!

David Watson definieer gemeente as volg: 'n Groep gedoopte gelowiges in die Here Jesus Christus, wat gereeld vergader vir die doel van aanbidding, dissipelskap en versorging en weggaan uit die byeenkomste met die intensie om die opdragte en gebooe van Christus te gehoorsaam sodat families, gemeenskappe en stede getransformeer kan word!

## **8.8) MINIMUM BYBELSE VEREISTES VIR GEMEENTEWEEËS!**

Ons sien dus dat byeenkomste nie verkeerd is in gemeenteweës nie, maar ook nie al is of die hoofsaak wat 80% van die energie vat nie. Gemeenteweës is 'n lewe wat 'n hele proses in homself het en wat van baie dinge gebruik kan maak langs die pad om uiteindelik by die doel uit te kom van nog mense wat soos Jesus lewe! Ons moenie die proses verskraal of die doel uit die oog verloor nie. Nie alle byeenkomste sal noodwendig as volwaardige gemeenteweës beskryf word deur alle mense nie, maar

daar is 'n paar essensiële sake (ingredients?) nodig om dit as egte gemeentelewe te beskou. Jy kan drie mense hê wat vergader onder 'n boom of jy kan 1000 mense in 'n groot gebou hê, maar die volgende sake is nodig om dit as ware gemeentelewe te kan omskryf.

- Die teenwoordigheid van Jesus Christus
- 'n Vergadering van twee of meer gelowiges
- Die bediening van Christus aan mekaar
- Definitiewe stappe om Christus te gehoorsaam
- Die impaktering van die gemeenskap

Geboue, motors, klankstelle, leiers, belydenisskrifte, name, administrasie, wettige registrasie, departemente, rekenaars en bankrekenings mag baie help om die einddoel te bereik, maar is alles sekondêre sake wat net hulpmiddels is. Indien enige van hierdie hulpmiddels so prominent en belangrik word dat gemeentelewe nie meer daarsonder kan funksioneer nie, dan het ons verkeerd gebou! Dit is hier waar elke leier baie eerlik met homself moet wees. Is die gemeentelewe wat jy begin het van so 'n aard dat dit spontaan sal aangaan as jy al die hulpmiddels wegvat, of sal dit inmekaar stort?

My persoonlike ervaring in gemeentepanting soos ek dit self gedoen het, is dat die meeste gemeentes nie sal voortgaan indien jy die leiers, prediking, geboue en Sondagdienste wegvat nie! Ons het nie die gelowiges aan Jesus verbind nie en het hulle afhanklik van leiers en programme gemaak. Hoe dikwels het ek nie al gesien hoe minstens die helfte van die mense loop by die verwisseling of wegvat van leiers nie. Ek het verkeerd gebou en is van plan om nie langer te bou op maniere wat op hulpmiddels berus nie! Ek nooi jou om saam met my die koninkryk te bestorm totdat die Vader ons help om reg te bou! As jy reg

gebou het, sal die gemeente meer floreer met jou weggaan as wanneer jy bly!

## **8.9) DIE DRIE VORME VAN GEMEENTEWEEES.**

- Die gemeente in jou huis / twee of drie in My Naam
- Die gemeente in die dorp of lokale area
- Die gemeente in die wêreld / die liggaam van Christus

Elkeen van hierdie drie is volwaardige gemeenteweess en nie een is teenoor die ander of belangriker as die ander nie. Elkeen het sy plek en is interafhanklik van mekaar. Leiers wil alewig nasionaal of internasionaal wees, maar die kragtigste groeipunt van gemeenteweess is die huis en waar twee mense vergader! Moenie probeer groot gaan nie. Wees klein, maar kragtig en die Vader sal self die groei bring. Ons Westerse gemeenteweess is heeltemal te veel gepla oor die groot manifestasie, in so 'n mate dat ons die kragtige klein formaat verloor het. Kragtig in ons wêreld is om 'n groot leier voor baie mense te wees en baie openbaring te kan preek! Hoe skeef het ons nie die arme gelowiges gemoduleer nie en dit terwyl hulle die kragpunte van groei in gemeenteweess is!

Na my mening is alle bedieninge gerestoureer behalwe een, naamlik die amp van die gelowige. Omdat die rol van die gelowige nie herstel is nie, sien ons ook nie die finale herstel in die effektiwiteit van gemeenteweess nie. Gemeenteweess is huidiglik 'n beweging van leiers en nie 'n beweging van gelowiges nie! Sodra gemeenteweess 'n beweging van gelowiges word, sal gemeenteweess in homself ook volkome herstel wees!

Dit is van uiterste belang om te besef dat die heel basiese formaat van gemeentewees twee of meer mense is wat vergader. Wanneer 'n gelowige persoon trou, neem hy by implikasie die verantwoordelikheid op vir gemeentewees, want as hy en sy vrou beide gelowiges is, dan het hulle sopas 'n gemeente begin met hulle huwelikssluiting! Elke getroude paar is 'n gemeente en het die verantwoordelikheid om hulle gemeente uit te brei deur kinders te kry en ander mense in die sfeer van hulle huis in te bring. Dit is in wese die grootste kragpunt van gemeentegroei. My vraag aan getroude pare in die gemeente is nie of hulle 'n gemeente wil hê nie, maar dat hulle asseblief aan my verantwoording moet doen oor wat hulle met die gemeente in hulle huis doen. Jou gesin is jou basisgemeente of bedieningsspan waarmee jy dissipelskap doen met ander mense. As ons elke gelowige gesin kan mobiliseer tot 'n volwaardige, groeiende gemeente, sal ons minder herderskap nodig hê en definitief ook minder egskeidings!

Die Woord praat van die gemeente in die huis en dan van die gemeente in die dorp. Ons het tussenin verskynsels geskep wat nie heeltemal in die Woord is nie. Dit is denominasionele verskynsels wat nie in huise inpas nie, maar ook te klein is om te beweer dat dit die dorp verteenwoordig. Iewers moet ons weer terugkom om die klein ding te bou en ophou bekommerd wees oor die volgende grootte. In die lande waar daar regtig gemeentes van 'n miljoen en meer in 'n dorp of stad is, is daar nie die tussenin verskynsel wat al die aandag en energie trek nie.

## **8.10) BEGIN BY DIE FONDASIE**

Om hierdie hoofstuk op te som, kan ons dus sê dat die enigste opdrag aan die gelowiges was om dissipels van die



nasies te maak! Daarom moet ons met dissipelskap begin en alle ander dinge in gemeentewees moet uit dissipelskap vloei. Ons begin nie met byeenkomste waarmee ons gelowiges kan bymekaarmaak om hulle te dissipel, sodat hulle later kan uitgaan na die wêreld nie. Ons begin by die dissipelskap van die ongelowiges en wanneer hulle die Vader leer ken, help ons hulle om deel te wees van die enigste enkele program. Soos nuwe gemeentes ontstaan, investeer ons baie in die gemeenteliers deur mentorskap. Hierdie verhoudings tussen leiers word die enigste bande wat die gemeente in die geheel bymekaar hou.

By geleentheid mag ons van groter byeenkomste gebruik maak om te trek uit die vyfvoudige bediening wat verbykom, omdat hulle ook aan die beweeg is. Hierdie inbou van die vyfvoudige bediening help om die beweging van gelowiges te rig, seker te maak of die waardes nog nagevolg word en om sekere geestelike gene in die liggaam op te wek. Nooit mag enige geestelike aktiwiteit of gemeenteprogram ons fokus afhaal van die duidelik gekommunikeerde groot opdrag en ons begin besig hou met sekondêre gemeentesake wat nie die lewe van Jesus dupliseer nie!

## *OPSOMMING*

- 1) Jy glo eers die Woord wanneer jy dit doen!
- 2) Die regte definisie van gemeentewees sal lei tot die regte beoefening daarvan.
- 3) Ons het 'n *roeping* tot fellowship met Jesus Christus en 'n *opdrag* om heen te gaan en die nasies te dissipel!
- 4) In gemeentewees is daar nie baie doele of take nie, net een en dit is die groot opdrag. Alles wat nie daaruit vloei en daartoe lei nie, moet geskrap word.
- 5) Die Vader se sending in Sy Seun is alles en het gelei tot gemeentewees.
- 6) Bekering is om by 'n sending aan te sluit en nie 'n gemeente nie. Bekering maak jou outomaties 'n lid van die liggaam, maar jy is nie outomaties op jou sending nie!
- 7) Die gemeente het nie 'n sending nie, die gemeente is die sending! Die sending vra alles en nie net 'n deel van jou lewe nie!
- 8) Die gemeente is die familie van die Vader op aarde, maar as jy die sending wegvat, verloor die gemeente sy reg tot bestaan op aarde!
- 9) Kerk is 'n buite Bybelse woord wat na dinge en goed verwys. Gemeente is die Bybelse woord wat na mense verwys!
- 10) Leer om nie te dink bo dit wat geskryf is nie, want dit gaan hoogmoed in jou lewe produseer!

11) Brei die koninkryk uit deur te gaan na nuwe wêrelde in plaas daarvan om daardie mense na jou kerklike wêreld te nooi!

12) Die gemeente is in wese 'n familie waar Jesus teenwoordig is en die Vader aan mekaar bedien word tot 'n lewensverandering sodat die gemeenskap daardeur bereik kan word!

13) Die kragpunt van gemeentewees lê nie in die leierskap nie, maar die Heilige Gees in elke gelowige.

14) Gemeentewees is 'n beweging van gelowiges saam met hulle Vader wat net deur aardse leiers gefasiliteer word om by die doel en waardes te bly!